

DIE EERSTE KOEJAWEL IN SUID-AFRIKA

In Renata Coetzee se boek 'Spys en Drank' skryf sy : "Ofskoon perskes, appelkose, koejawel, mispel en moerbeie nie in die inventaris van Bosheuwel opgeneem is toe Jan van Riebeeck in 1662 na Botavia vertrek het, was die vrugte elders aangeplant".

Die koejawels wat algemeen aan die Kaap geplant is, veral in huistuine, was bekend as die 'Madeira Koejawel'.

Dit is 'n rooivleis koejawel met dik vleis. Die pitte is los van die vleis en kan maklik uitgehaal word. Die vrugte is vroeg in die winter ryp, is groot en lekker soet.

Vanaf 1660 tot ongeveer 1860 was dit al koejawel wat hier voorgekom het. Teen ongeveer 1850 is daar koejawel pitte vanaf die ooste (Botavia) geplant op die plaas Klein Bos in die Daljosafat vallei.

Daar het kruisbestuiwing met die Madeira koejawel plaasgevind. Die pitte is geplant wat bekend was as pitbome. Uit hierdie bome het mnr Fan Retief van Keerweder die Fan Retief koejawel geselekteer wat vandag algemeen aangeplant word.

Koejawelbome is ook geplant in die Klein Drakenstein gebied omdat die area baie geskik is vir koejawels as gevolg van 'n warmer klimaat. Die twee historiese plase wat tans nog van die oorspronklike Madeira koejawels het is :

[a] Die plaas Lanquedoc uitgegee 1689 aan Jean Imbert.
1 Boom langs sloot.
Eienaars tans : Die Joubert Familie

[b] Palmietvlei en ook Knolvlei
Uitgegee 11 Mei 1712 aan Jean du Buis
Grense van Klein Drakenstein is deur die Huguenote van 1688 bepaal.
Eienaars tans : Palmietvlei Gaste Huis,
Daar staan nog 'n ry van 12 Madeira bome wat nog dra.

Op 20 April 2009 word daar 'n afstammeling van

een van die
oorspronklike
Madeira bome
in die LNR
Infruitec se
gedenktuin te
Stellenbosch
geplant.

Dr. Johan van Zyl
Mev. E Grobbelaar
Mnr C Grobbelaar
Mnr D Joubert



Junie 2009

No 28

Koejawel Nuus

Koejawel Produsente Vereniging
Guava Producers Association

Hoofstraat 258 Main Road
PAARL 7646

Posbus 426 P O Box
PAARL 7620

[021 872-1501
Fax [021] 872-2675

: victor@guavas.co.za

: www.guavaproducers.co.za

Editor /Redakteur : **Wiehahn Victor**

Inhoudsopgawe / Index

Bladsy

1.	Inhoudsopgawe	1
2.	Bedryfsaangeleenthede	2– 3
3.	Streekverteenwoordigers	3
4.	Afskeid van 'n Groot Kolos	4
5.	Geskiedenis van Georganiseerde Koejawel	5
6.	Die Talentvalle Koejawel	6– 7
7.	Webwerf	7
8.	Die Eerste Koejawel in Suid-Afrika	8

BEDRYFSAANGELEENTHEDE

Die wêreldwye ekonomiese krisis het Suid-Afrika ietwat later as Amerika en Europa getref, maar slaan sy kloue nou ook in op alle bedrywe in ons land. Die koejawel-bedryf is dan ook nie gespaar nie en moes die nuwe seisoen begin met laer pryse en volumes wat onder druk is. Tydens die Algemene Jaarvergadering van 20 April 2009 is volledig verslag gedoen oor die insinking in die sapmark, asook die verhoging van $\pm 50\%$ in die blikprys wat ingemaakte koejawelpryse en volumes negatief beïnvloed.

Die onsekerhede of die totale tonnemaat van die verwagte 2009-oes opgeneem kan word en teen watter prys, het produsente en verwerkers in 'n baie moeilike posisie gelaat. Die Bestuur van die Vereniging het met verskeie verwerkers vergader om die aangeleentheid te bespreek en oplossings vir die situasie te soek. Die langtermyn stabiliteit van die bedryf is belangrik vir die produsent sowel as die koper van koejawels.

Vir die bedryf is $\frac{1}{3}$ van die oes reeds ingesamel en dit is nog onseker wat die finale oes gaan wees. Die aanvanklike skatting was dat die oes min of meer dieselfde tonnemaat sal lewer as verlede jaar, maar tans word 'n ietwat kleiner oes verwag. Produsente word aangeraai om alle moontlike kanale van afset te ontgin om die hoogste moontlike inkomste te verseker.

Die gesondheidsfokus is om die uitstaande voedsaamheid oor te dra. Die gesondheidsvoordele word uitgewys en beklemtoon. Die vrug is mos nie verniet Moeder Natuur se eie voorkoming teen verkoues en griep nie! Die veelsydigheid van die Koejawel (vars, verwerk, versap en gedroog) ondersteun natuurlik die gesondheidwaarde.

Die kinders word ook nie in die veldtog vergeet nie. 'n Spesiale fokus op die voedsaamheid, veelsydigheid en lekkerte van koejawels word aan die kinders oorgekry. Ma's moet die gesonder keuse maak vir hul kinders en kinders moet koejawels as die gesonder keuse ervaar vanaf die skoolkosblik tot op die tafel.

Hou die pers dop en luister na die radio!!! Die Koejawel is aan die beweeg as "the talk of the town", die talentvolle KOEJAWEL!

- Wiehahn Victor -

WEBWERF

BESOEK DIE VERENIGING SE WEBWERF BY

www.guavaproducers.co.za

vir interessante inligting oor koejawels, resepte, koejawelprodukte en tegniese inligting soos chemiese spuitmiddels.

DIE TALENTVOLLE KOEJAWEL

Na aanleiding van die uiters suksesvolle promosie veldtog van 2008 is daar besluit om voort te bou hierop en die golf te ry in 2009. Op sy eie promoveer die koejawelvrug homself uitstekend as die natuur se eie winter wonder vrug. Dit is so asof die koejawel homself voorstel aan die verbruiker as die gesondheid self.

Die Vereniging het met die geldelike hulp van die Verwerkers van koejawels, asook van die Departement van Handel en Nywerheid se „PPP-Projek“ die 2009 generiese promosie program in April 2009 afgeskop. Die dienste van 'n bemerkings agent, Lethu Marketing, is ingeroep om die taak op 'n professionele manier te dryf. Na die voorlegging van die besigheidsplan is besluit om op die volgende vier velde te konsentreer :

- [1] Bewusmakings veldtog
- [2] Gesondheidswaarde fokus
- [3] Kommunikasie veldtog gemik op kinders
- [4] Rol van die Koejawelindustrie vir alle rolspelers te bevorder.

Die doel van die bewusmakings veldtog is om mense te laat praat oor koejawels en om die genot van koejawels na vore te bring. Die geskrewe media, koerante, tydskrifte en die radio word aangewend om die boodskap van die koejawel te dra. Meer as 100 “press kits” is voorberei en aan die pers voorsien met sap, gedroogte, vars en ingemaakte koejawels asook pamflette en heerlike koejawelresepte.

Die Vereniging sal van sy kant alles moontlik doen om die verkope van koejawels in die markplek te promoveer.

Onder hierdie moeilike omstandighede is dit noodsaaklik dat produsente ingeligte besluite moet neem. Kontak u Streeksvertegenwoordiger of die Vereniging se kantoor vir die nuutste inligting beskikbaar.

Onthou vraag en aanbod bepaal die prys en onderhandeling met u koper is noodsaaklik.

- Wiehahn Victor -

STREEKVERTEENWOORDIGERS

Die volgende persone is tydens die Algemene Jaarvergadering van 20 April 2009 as Bestuurslede van die Vereniging goedgekeur.

STREEK	PERSONE	KONTAK
Porterville	Mossie van der Merwe	0731736699
Paarl	Dos Joubert	0828238392
Wellington / Dal Josafat	Retief Joubert	0828774663
Kraaifontein / Stellenbosch	John Uys	0823646289
Mosselbaai	Billy Robertson	0832368380
Addisionele Bestuurslede	Willie Visagie Poena Malherbe	0827813505 0834602329

AFSKEID VAN 'N GROOT KOLOS

Op 20 April 2009 neem die Koejawel Produsente Vereniging afskeid van Oom Cor Grobbelaar wat vir die afgelope 30+ jare Voorsitter van hierdie Vereniging was.



En sy wederhef was ook saam :



GESKIEDENIS VAN GEORGANISEERDE KOEJAWELS

Senator G R (Oom Gawie) Malherbe van Nooitgedacht, was 'n stigterslid van die georganiseerde koejawelbedryf. Oom Gawie was een van die eerste boere wat koejawels aangeplant het toe die filloksera in 1896 die wingerde uitgewis het. In 1944 toe die koejawelmark ten gronde gegaan het en boere hul bome wou uitkap, het hy en andere [150 koejawelprodusente] met 'n kapitaal van £40 die Drakensteinse Vrughtekwekerskoöperasie gestig om koejawels te beheer.

Vroeg in die 50tiger jare het koejawelsap in die handel verskyn. Uit die staanspoor was dit 'n gewilde drankie. In daardie jaar is 4000 ton koejawels verwerk tot sap. Die mark vir ingemaakte koejawels het sy hoogtepunt in 1951 bereik toe uitvoer nog bevoordeel was deur 'n voedseltekort in Brittanje.

In September 1955 het die Landstem 'n kompetisie geloods om Mej. Vitamine te kies. Mej. Joan-Frickel is tot mej. Vitamine verkies. Sy moes help om koejawels te bemark en gewild te maak, wat sy ook baie goed gedoen het. In die koerant van 8 Oktober 1955 word oom Gawie Malherbe aangehaal : "Ons koejawelboere het ons hande in ons sakke gesteeek. Ons het £2000 bymekaar gemaak om vir die wêreld

te vertel van ons goeie vrugte. En nou praat almal van koejawels en almal eet dit en selfs uit die buiteland word die aanvraag nog altyd groter. Daar was nou die dag selfs 'n man uit Swede. Hulle is nou al so erg oor ons koejawels dat hulle hul eie skepe wil stuur om dit hier te kom haal!" Daardie jaar was daar 350 koejawelprodusente.



Onthou U Nog Vir Haar?

Joan Anne Frickel—Mej. Vitamine—wat gehelp ons land se koejawels baie gewild te maak en die boere nou te laat glimlag.

Die huidige Koejawel Produsente Vereniging is in Oktober 2000 gestig en die Inmaakvrugte Produsente Vereniging het die administrasie begin behartig.